

Wees heilig!

Die lewe met sy moordende tempo eis baie van elke mens. Dit vra om elke dag 'n standaard te handhaaf, dat jy sal inpas en aanpas by heersende strominge, dat jy modern en byderwets sal wees en dat jy sal tred hou met die gejaagde lewe. Dit maak mense gespanne en die stresvlakke styg.

Die Bybel leer ons egter dat die kind van God “anders” is en “anders” leef en doen, met ander woorde, dat die Godskind 'n besondere status het. Die woordjie wat Petrus gebruik om ons “andersheid” aan te dui is “heilig”. Hier in vers 16 kom dit as 'n bevel, as 'n opdrag: “Wees heilig, want Ek is heilig.” Die wonderlike is nou dít: Om heilig te kan wees is 'n gawe van die Heilige Gees. Die heilige God heilig ons deur sy Gees. Die woord *heilig* is afgelei uit die woord “skei” of “afskei”. 'n Heilige mens is dus deur God afgeskei of afgesonder tot diens aan God en sy naaste. As jou hele lewe op die Here gerig is, is dit die gawe van heiliging wat jy ontvang het. Om heilig te wees beteken egter nie dat jy jou van hierdie wêreld sal onttrek of lewensvreemd sal optree nie, maar dat jy ontuis sal voel in die skemas en denke van die wêreld. In vers 13 sê Petrus dit is om verstandelik wakker en nugter te wees en jou hoop volkome op God te vestig.

Gaan leef dan vandag heilig deur in Christus te bly, in Hom te glo, sy Woord en kerk lief te hê en deur gelowig en biddend vas te hou aan die versoeningsliefde van Jesus Christus. Só lê die gawe van heiligwees nié in die werke van die mens nie, maar in jou hart wat deur die Heilige Gees bewoon word.

Sing: Psalm 33:10, 11

Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)